

Liturgiese Riglyne

NAGMAAL

SONDAGOGGEND 9:00

*Deur genade, sonder verdienste,
vrygespreek, in Jesus Christus!*

Skriflesing: Rom 3:21-31

Teksters: Rom 3:24,25

Sing:

Ps 150-1:1,2,3

Lied 188:3

Ps 19-1:5

Ps 107-1:1,3

Ps 116-1:3,...

Sb 1-2:1-3

Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Nicolai vd Merwe

Klank: Thinus Smuts

Prediker: Ds Gerrit Kruger

God is alwetend en Hy ken elkeen van ons beter as wat jy jousef ken. God weet wat jy dink, wat jy doen, agter 'n toedeur, in die donker, in die geheim, in die openbaar, orals. God weet selfs wat jy gaan sê nog voordat jy dit sê. God ken al jou sondes en jou gebreke en swakhede. Ons gaan na drie sake kyk:

- 1 Niemand is regverdig nie!
- 2 Regverdigheid/Vrypraak het in werking getree!
- 3 Almal wat glo word geregverdig? v23,24

SONDAGAAND 18:00

Van aanneming tot aanneming

Skriflesing: Joh 1 en Rom 8

Teksters: Joh 1:12,13 AOV
Rom 8:15

Sing:

Ps 118:12,14

Ps 2-4:1

Sb 17-3:1,2

Ps 103:6,7

Sb 1-1:1,2,7

Sb 13-2

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Carina vd Dussen

Klank: Jan Reesink

Prediker: Ds Maarten van Helden

Die woordjie 'aanneem' het in kerklike gesprek al menige diskussie uitgelok. Wie neem nou eintlik vir wie aan, en hoe en hoekom? Hoekom praat sommige van belydenis van geloof aflegging as hul 'aanneming'?

Woorde het gewoonlik meer as een betekeniswaarde. Kom ons besef weer vandag saam hoeveel sit daar in die woord 'aanneem' as ons ons voorberei vir die heilige nagmaal. Kom ons sien dat die voorreg om van sy tafel te eet werklik 'n voorreg is!

Kom ons gaan sit dan aan sy nagmaaltafel met 'n werklike bewussyn van die groot voorreg wat ons van God as ons nuwe Vader ontvang het!

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 43 Nr 09 11 Maart 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



Generasie Z en die lewe

Generasie Z is die huidige geslag tieners. Nou is dit so dat ons wat ouer word nie altyd bybly met die nuwe tegnologie nie. Dit kan 'n mens effens beangs maak, maak dat jy dink jy is nie by nie, kan nie meer saam met die moderne samelewing saamleef nie, ens. Ons dink as jy nie op "facebook" is nie, nie "WhatsApp" nie en nie heeldag op die rekenaar en jou selfoon is nie, is jy oudmodies. Dit is nie waar nie.

Ek lees 'n artikel van Andrè Griessel in Netwerk van 24 Okt 2015 waar hy net die teenoorgestelde sê. "Tegnologie is wonderlik, maar dit vervang nie eeue-oue eienskappe waaroor 'n mens moet beskik as jy in die "grootmensewêreld" sukses wil behaal nie." Ons kan nie daarsonder vandag lewe nie. Dit vergemaklik nie net die lewe nie, maar gee ons ook die geleentheid om meer effektief te kan leef en te kan werk. Werk word vinniger gedoen, **maar....** daar is bepaalde sake wat jy moet doen as jy sukses wil bereik in jou lewe, ja ook in die "grootmensewêreld". As Christen kan jy nie anders as om steeds te erken en te bely dat jy 'n kind van God is nie. "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die heme!" Mat 5:3 Dit is die fondament van die lewe en hou jou nederig en opreg. Daarna is daar eeue oue waardes wat nie verander nie en wat jy moet nakom as jy sukses in die lewe wil bereik en wil opgang maak.

- Respek vir God en vir alle mense en respek vir jousef.
- Disipline in jou verhouding met God, die wêreld en met jousef.
- Leef gedissiplineerd, maak jou eie bed op leef netjies en respekteer alle mense om jou.
- "Koop die tyd uit." Ef 5:15,16 Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; **16** en koop die tyd uit, omdat die dae boos is."
- Lees baie, werk hard, respekteer almal, doen waarmee jy besig is voluit, maar onthou dat almal oud word en wat oorbly is geloof, hoop en liefde.
- Moet nie bang wees om foute te maak nie, maar moet nie dom, aspris foute maak wat die res van jou lewe kan beïnvloed nie.
- 'n Kwalifikasie is nie alles nie, maar gee jou 'n voet in die deur, waarna jy nog harder moet werk vir sukses.
- "Facebook" en "twitter" vriende is virtueel, ware vriende is die wat jy van aangesig tot aangesig sien en saam mee kan bid en in opregtheid, jou lief en leed kan deel.

Of jy 'n bejaarde of 'n jong kind is: Leef in liefde met God en met jou naaste en met respek vir die lewe wat as geskenk aan jou gegee is.

Ds Gerrit

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYDE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Kantoorure: **Ma-Do 08:00 - 13:00**

Telefoon: 012 664 2614

Faks: 012 664 0004

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

Lidmate se kontakbesonderhede: Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: admin@gkcenturion.co.za

KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatsversorging



*Kollektes sal nog steeds in banke/
deure opgeneem word vir diegene
wat nie Zapper gebruik nie*



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Gerrie Viljoen

Alethea : Jan Reesink

Diaken: Marthinus Krynaau

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Geen

Volgende week: Les 1-6; Sb 10-2:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Geen

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Rek no: 600 340 417

VAN DIE KERKRAADSTAFEL

Koevertjies vir kerk-bydraes: Die kerkraad het die afgelope vergadering weer gepraat oor die dankoffers of bydraes wat in koevertjies afgedra word. Ter wille van veiligheid vra die kerkraad dat diegene wat hulle bydraes in koevertjies afdra dit in die kluis wat in die konsistorie is gaan gooi. Daar is dit baie veilig en maak elke lidmaat dan ook seker dat sy koevertjie op die regte plek ingegooi word. Die kollekte-sakkies moet nie meer hiervoor gebruik word nie.

Ter Approbasie:

Ouderling: Andries Venter; Hennie Lee; Jaco Wattel; Danie vd Walt; Danie Rheeders; Thys Reynecke; Theo Westervelt; Marcel Wilson; Frikkie van Biljon

Diaken: Casper vd Walt

Onthef van die Roeping as:

Ouderling: Piet Riekert, Wimpie Swanepoel, Hannes Pieters, Eddy Niezen, Christiaan Nijeboer

Eervolle ontslag word toegestaan op 15 April 2018 aan ouderling Christo Crafford

Attessake soos op 8 Maart 2018

Met atestaat aangekom

Sophié Kruger vanaf Wierdapark (A6)

Peet en Dina Buys vanaf Pretoria Montana Poort (C1)

Petra Terblanché vanaf Die Bult Potchefstroom (B11)

Marius en Marie Zwemstra vanaf Rietvallei (A2)

José en Mercia Coelho en 1 dooplidmaat van Hartbeespoort (A2)

Johan en Martie De Jonge en 2 dooplidmate van Pretoria (A14)

Casper en Monise van der Walt van Kuruman (C15)

Hennie en Annelise Jooste van Rustenburg-Wes (C6)

Stephanie van Jaarsveld van Rustenburg-Wes (B3)

Marna Bosua van Cachet (C11)

Luzia Combrinck van Rooihuiskraal (A07)

Magriet Roos van Daspoort (A07)

Francois de Jager van Brooklyn (B14)

Hendrik en Maretha Smit van Wonderboompoort (B19)

Opgeneem

Louwrens en Louise Roets en 2 dooplidmate van NG Kerksondermure (C11)

Ansie Pohl vanaf NG Lyttelton (C1)

Marilu Prinsloo vanaf NG Meyerspark (C13)

Marietjie Smit van NG Doornkloof (A07)

Andrea Zaayman van NG Bergtuin (C04)

Jaco Wentzel (C09)

Met atestaat vertrek

Morné en Madelein Sander en 2 dooplidmate na Lyttelton (C08)

Magda Lambrecht na Pta. Montanapoort

Eugene en Kotie Jansen van Rensburg na Lyttelton

Coreen van Loggerenberg na Wapadrant

Dawie en Nina Smith na Bellville-Oos (B10)

Elisma Riekert na Cachet (A13)

Stefan van der Schyff na Die Kandelaar (A03)

Riaan Niezen na Kaapstad (B14)

Gemeenskap verbreek

Michael Labuschagne na NG Kloofsig (A06)

Oorsee (Na Nederland)

Marcel en Mollinda Brands en 2 dooplidmate (E01)

Argief

Marthinus Venter (A15)

Wynand en Chantel Geldenhuys en 2 dooplidmate (C04)

Johannes en Laura-Ann du Plessis en 2 dooplidmate (C08)

Martin's Begrafnisdienste Centurion. Gemoedsrus tydens 'n moeilike tyd. Begrafnisse, verassings, begrafnispolis en repatriasies. Kontak 0126602028 of 24H: 0823004292. Adres: Lytteltonweg 65, Centurion

Kombuise- en Gasinstallasies- Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installeerders; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W vd Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 0844445443; meryke@mery-d.co.za

Pensionaris bederf julsself- Pedikuur: R90 Behandeling eelte, ingroei toonnaels, liddorings en skuur hakke asook 'n ligte voet massering. Knip en verf naels. Manikuur: R90 Versorg (cuticles) knip en verf naels. Salon is by Lavie Aftree Oord. Ansie Kruger 0720631062

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (012664-0685) centurionflorist@discoverymail.co.za.

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, trauma, verhoudings, besighede, studente en leerlinge almal welkom.

Tuishuis Lodge in Clubview is opsoek na 'n persoon vir 'n **halfdag adminpos**. Vereistes: aanvoeling vir administratiewe werk, rekenaarvaardigheid, vermoë om met gaste te werk, en kosmaak. Sandy 083 284 0673 of email CV na tuishuis@mweb.co.za

WOONSTEL TE HUUR: Sandown Sandton. The Augustus nr 104, Lindenroad 151. R10,600 pm. Twee slaapkamers, 1 badkamer, ruim balkon. Front Noord. Kontak Estelle 0824631559

Ek is op soek na 'n **Aanvullende Psalmboek** 2012 – Nuut goedgekeurde Liedere van die GKSA: 2009-2012. Indien iemand so 'n boekie besit en nie gebruik nie, sal ek bly wees om die oor te neem. Die boekie is uit druk en nie meer beskikbaar nie. Kontak my asb by 0834811160. Liesje Kuperus.

Nagmaalsete: 11 Maart 2018

Orde-reëlings vir vandag se Nagmaalsete:

1. Plaas asseblief u Nagmaalkelkies in die emmers by die deure.
2. Kan die persone wat hul motors in die tien rye naaste aan die kerk parkeer het, dit asb verder af parkeer na afloop van die diens, sodat die gazebo's daar opgeslaan kan word. Gazebo's kan ook opgeslaan word op die grasperk voor die ou kombuis.
3. Jongmanne kom help asseblief om tafels in die saal uit te pak. Lidmate word gevra om asb so gou as moontlik die saal te ontruim sodat die diakonie die saal kan voorberei vir die ete.
4. Mans word gevra om na afloop van die ete te help met die opruiming van die saal en die susters met die was van die bakke en eetgerei.

Reëlings tydens die Nagmaalsete:

1. Ons beoog om so teen 12:00 te begin opskep.
2. Daar is een opskeppunt in die saal.
3. Die bejaardes skep eerste, daarna die kinders en dan die res van die lidmate.
4. U help self met die slaaie, rolletjies, souse en vleis.
5. Daar is sitplek in die saal en buite onder die gazebo's.

Die belangrikste: Ontmoet iemand nuut, maak nuwe vriende, versterk vriendskapsbande



EVK Julie-Uitrek

Kom saam op die uitrek tydens die Julie skoolvakansie!

Ons beplan om Botshelo Trust in Botswana te besoek en vir die wat lus is vir ekstra avontuur, kan saamry na Covenant College in Zambië (Petauke).

Daar is vele projekte waaraan aandag gegee gaan word, van breek en bou en opslaan en afhaal tot klas gee en kosmaak en vaardighede leer.

Wees deel van hierdie uitrek en word self verryk.

Eddy Niezen: 083 455 2760
Anél van der Walt: 082 567 3643



Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6



- Lena Malan sterk aan by haar dogter (C1—664 0801).
- Thinus Nel sterk aan in Unitas hospitaal na 'n heupvervangingsoperasie (C1—664 1067).
- Nannie du Plessis sterk tuis aan na haar oogoperasie (B11—653-1578).
- Isabel Pretorius ondergaan môre 'n handoperasie in Unitas hospitaal (B12—654 1265).
- Ds Gerrit Kruger se rugoperasie is uitgestel tot 20 April.
- Meelewing word betuig met: Maurice en Michelle le Roux en gesin na die afsterwe van Maurice se ouma in Ierland die afgelope week.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

Geboorte:

Herman en Anja Prinsloo met die geboorte van Herman Cornelis op 2 Maart 2018.

Vergaderings/Aksies

- 11 Maart—Nagmaal word tydens al drie eredienste bedien.
- 15 Maart—Diakonie-toerusting 18:30

Kleingroep Ope-braai - 25 Maart

- Almal word uitgenooi na die braai
- Begin na afloop van oggend erediens by Jeughuis
- Bring eie slaai - 1 per groep
- Bring eie stoele en eetgerei

RSVP Riaan van Schalkwyk 072 436 4763

of Kleingroepleiers

Eljada Huis

Die skoolvakansie is minder as 'n maand weg en ons probeer genoeg kos insamel vir die vakansie.

Ons benodig die volgende items asseblief: koffie, rooi en swart tee, weetbix, hawermout, aanmaak koeldrank (drink'o'pops), langlewe-melk, margarien, grondboontjiebotter, bovril, konfyf, eiers, macaroni, spaghetti, blikkies gemengde groente, blikkies chakalaka, tamatie en uie blikkies, kookolie, sout, mariebeskuitjies en jellie.

Toiletware: waslappie, badseep, sanitêre doekies, aanrol en deodorant vir mans en vroue, tandepasta, skeermesse, sjampoe en waspoeler.

Petra 082 9277324 / Pierre 082 688 7495/

Eljada Huis 072 855 8289

GK Lichtenburg vier op 2 en 3 Jun hul 125-jarige bestaan as gemeente. Alle belangstellendes skakel kerkkantoor 14:00 – 17:00 – Ma-Vry by 0186321052 of gklichtenburg@gmail.com

GK Silverton vier DV 15 en 16 Sept hul 60-jarige herdenking. Alle belangstellendes kontak die kerkkantoor – 804 2940/carena@gksilverton.co.za

Gereformeerde Kerk Pretoria het 'n vakante orrelis pos en dit sal waardeer word indien enige iemand in die Gereformeerde Kerk verband wat belangstel om orrelis te wees op 'n 125 jarige W Sauer orrel, sy/haar CV sal stuur aan Die Skriba, Gereformeerde Kerk Pretoria, Jan Fanoy, na die volgende e-pos adresse: <janfanoy3@gmail.com> of <kantoor@gkpretoria.org.za>.



VERJAARSDAE

BELYDENDE LIDMATE

11 Mrt	Rob	Bond	B04	653 7270
	Misha	Wille	B20	076 218 1822
12 Mrt	Meryke	Deetlefs	A05	084 524 1404
13 Mrt	Jaap	Hogendoorn	B20	664 6385
	Elda	van Niekerk	B20	078 804 4541
14 Mrt	Jan	Heystek	A10	082 337 0081
	Francia	Wait	A06	083 458 1779
15 Mrt	Gerrit	Beumer	A09	082 572 5235
	Loura	Bye	C05	079 886 3325
	Esther	du Plessis	B09	084 727 8436
	Karen	Kirsten	C14	084 513 3995
	Riaan	Niezen	B14	072 386 8737
16 Mrt	Karen	du Toit	C10	072 298 0852
	Elize	Lindeque	A06	082 333 7315
	Liza	Pieters	C07	663 4222
	Charne	Prinsloo	B04	653 0251
	Christelle	Steyn	C06	072 060 7107
17 Mrt	Zirk	Pretorius	C14	663 1751
	Petro	Rabe	C09	082 497 9342
	Wynandt	van Wyk	C02	072 225 3843



DOOPLIDMATE

12 Mrt	Leandri	Krynauw	B13	082 616 7690
	Hugo	v Nieuwenhuizen	C08	082 322 4864
17 Mrt	Anri	vd Heever	A10	072 025 2971



TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

11 Maart

B19 Melissa Visser
C05 Marie Coetzee
C07 Gerda Pieters
C08 Liza Pretorius

18 Maart

C09 Marique le Roux
C10 Minette de Beer
C12 Christi Venter
C15 Susters van wyk



Alle Laerskool-

23 Maart 18:00-21:00

worsbroodjies vir die kinders, ouers kom bring en braai!



kontak Christi 082 940 1555

speletjiesand by die kerk- bring jou ouers!!

Susters- Ons wil julle vriendelik herinner aan die houtbussie, gemerk SUSTERS, wat voor in die kerk by die pilaar naaste aan die hoofingang is. Julle kan enige geldelike bydrae in 'n koevert daarin plaas. As julle verkies is 'n EFT in die susters se bankrekening ook welkom. Let net op dat die susters hulle eie bankrekening het, naamlik **ABSA tjekrekeningnr. 600340417.**

Baie dankie aan almal wat gereeld maandelikse of enkelmalige donasies gee. Ons waardeer al die bydraes.



WOLHOEKIE

Kreatief, Brei, Hekel, Wol, Weef, Loom.....as jy enige van hierdie woorde herken MOET jy verder lees!

Ons benodig serpe, musse, kniekombersse en nog vele meer vir liefdadigheid – speel met kleure en patrone.

Het jy wol, breinaalde, hekelnaalde of looms wat jy kan skenk? Bring dit na die WolHoe-kie...

"Kietsie" (Phia Lombard – 083 454 9358)